



Nouveau Kollege & Pikanini Kampus

Posbus 553, Vredendal, 8160

Tel: 063 520 0028

Webwerf: www.nkollege.co.za

E-pos: info@nkollege.co.za

Liewe Ouer

11 Augustus 2022

LIGA WEDSTRYDE

Ons spelers het verlede Donderdag, 4 Augustus 2022 deelgeneem aan liga wedstryde teen Uitkyk Primêr. Uitslae soos volg:

Rugby: O/9 - Wen 10 – 5
O/11 - Verloor 40 – 0
O/13 - Wen 37 – 0

Netbal: O/7 - Wen 2 - 1
O/8 - Verloor 1 - 2
O/9 - Gelyk 2 - 2
O/10 - Wen 6 - 2
O/13 - Wen 9 – 5

Ons volgende liga wedstryde moet plaasvind op 18 Augustus 2022, te Maskam Primêr. Sodra ons enige inligting ontvang sal ons dit deurgee.



ONDERSTEUNER KEPPE

Die keppies is te koop by die kantoor teen R50.00 elk. Hierdie keppe mag slegs gedra word vir die doel van sport. Leerders sal nie toegelaat word om dit tydens skool te dra nie, aangesien dit nie deel van die skooluniform is nie.



NOUVEAU KOLLEGE SPORTDAG

Saterdag, 27 Augustus 2022, vind ons jaarlikse Sportdag plaas.



Ons weet dat al die leerders in die skool vanaf Pikanini Kampus tot Nouveau Kollege nie die dag vir 'n span speel nie, maar tog wil ons graag al die ouers en leerders die dag hier hê. Die Sportdag is een van ons grootste fondsinsamelingsprojekte vir die jaar en het ons al die ouers se hulp nodig by die Sportdag. Ons het in die verlede ongeveer 3 000 mense gehad by ons Sportdag, so dit is 'n baie groot dag vir ons. U betrokkenheid sal hoogs waardeer word. Indien daar enigiemand is wat enige donasie of borg wil maak sal ons dit hoog op prys stel indien u ons kan kontak.

NWB RUGBY

Die volgende seuns is onderskeidelik vir die O/13, 7's rugby en ook die O/12 rugby NWB span gekies.

WJ Weideman - O/13 7's

Liam Pillay en Lehlohonolo Thobela (Erlin) vir die O/12 span.

Ons as Nouveau is vreeslik trots op julle. Welgedaan.



SKOOLFOTO'S

Die individuele, sport en klasfoto's sal geneem word op die 29ste en 30ste Augustus. Bestelvorms is vandag aan leerders uitgedeel. ALLE bestellings met **die korrekte geld** bedrae moet terug wees by die skool op die 20ste Augustus 2022. GEEN bestellings sal na die 20ste meer geneem word nie. Kinders kom skool toe in skoolklere. Maak seker dat almal se hare netjies is.

CONQUESTA

Leerders het reeds gister, Woensdag, begin met die skryf van Conquesta Vraestelle. Dit is nie werk waarvoor daar geleer hoef te word nie.

BEDANKINGS

- Abrie Fouché vir sy manne wat weereens ingespan is om te bou. Hulle het vir ons 'n bedding gebou vir plante.
- Namakwa Kleistene vir die donasie van stene vir die bedding.
- Alle ouers wat reeds plante gestuur het.

MISS PIGGY

Dit is met opgewondenheid dat ons almal wil uitnoui na ons 2de Miss Piggy. Hierdie is 'n verskiklike lekker dag. Verlede jaar was 'n enorme sukses en almal het dit baie geniet. Hier is nou julle kans om julle spanne so gou moontlik in te skryf.

Pryse: Early bird = 28 Julie tot 31 Aug.

Volwassene: R250

Kinders: R100

1 September tot 15 Oktober

Volwassene: R300

Kinders: R150

Toeskouers is gratis. Daar sal heerlike stalletjies met 'n groot verskeidenheid van eetgoed wees.

**OUERS WAT AS BEAMPTES WIL OPTREE MOET ASSEBLIEF VIR
ARINA SOUTHEY SKAKEL BY: 073 297 2053**

Link vir inskrywing:

<https://docs.google.com/forms/d/1SU2h4o6exvI5HUPX-gqeH5446SSIUvoks3X7r9-YU9E/edit>



OUMA EN OUPA OGGEND

Al Nouveau se oumas en oupas word hartlik uitgenooi na 'n heerlike bederf oggend. Die oumensies word bederf met 'n ligte vingerete en vermaak deur die leerders. Ons hoop om sommer almal daar te sien. RSVP: Rinette 084 800 2056

BOODSKAP VANAF DIE SKOOLHOOF

Baie dankie vir alle ouers wat reeds hul hulp aangebied het met ons Sportdag. Hoe meer ouers hul hulp aanbied hoe makliker en minder ure hoef elkeen te werk. Ons sal ook probeer om skofte so te reël dat almal hul kinders kan kyk.

Mag u 'n heerlike naweek hê.

Vriendelike groete

Cobus Coetzee

SKOOLHOOF